Desember 2014

Die Rietfluit

# RIETFLUIT KERSUITGAWE




# DANKIE!
## van kerkraad en leraars

*Aan elke lidmaat wat hierdie jaar saam gewerk het om dit ‘n goeie 60 jaar feesjaar te kon maak;*
*Aan almal wat ons visie van omgee uitgeleef het;*
*Aan elkeen wat ‘n verskil gemaak het in die huis, omgewing, by die werk en in die gemeente.*
**Ons eer en dank die Heer vir jou!**





# Geseënde Kersfees

Mag jy hierdie feestyd saam met Christus vier
Jou Verlosser het vir jou lewe in oorvloed gebring.

## DATUMS VAN BELANG



- **<u>10 Des:</u>** Skole sluit
- **<u>16 Des:</u>** Geloftediens @ 8:00
- **<u>25 Des:</u>** Kersdiens @ 8:00
- **<u>31 Des:</u>** Oujaarsdiens @18:00

**Geen aanddienste gedurende die skoolvakansie nie**

## Ons gebed vir jou vir 2015

Mag jy die Here se konstante teenwoordigheid elke dag ervaar;

Mag jy beleef hoe die Here elke dag vir jou sorg en seën;

Mag jy ondervind hoe die Here Sy plan en doel in jou lewe verwesenlik;

Mag die Heer deur jou talle ander lewens raak met Sy liefde en Sy goeie nuus;

Mag Sy naam groot gemaak word in alles wat ons beplan en doen.

Mag ons almal saam in diepe afhanklikheid en ware aanbidding voor God leef in 2015. (Ons Jaartema)

Mag 2015 die vrugbaarste jaar ooit wees!